**NASIENRIGLYNE**

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2024 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **GROOTTOTAAL** | 150 |
| **DUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 27 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese konsepte/terme. | **30%** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse van bronne..<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse en/of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures by brongebaseerde vrae:

- Gebruik ’n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Fokus op die nasienriglyn bv. (2 x 2) wat aandui dat twee redes gegee moet word en elke rede moet twee regmerke kry (✓✓✓✓); (1 x 2) dui aan een rede vir twee punte (✓✓).
- Indien ’n antwoord 4 punte werd is, moet dit aangedui word met 4 regmerke (✓✓✓✓).

© SACAI KOPIEREG

**1.4 In die nasien van vrae oor ondersteuning/ ooreenkomste, moet die antwoord soos volg wees:**

- Dit toon/ Dit impliseer / Beide bronne...
- maar in die geval van die verskille in bronne moet die antwoord wees: In Bron A..., maar in Bron B...

**1.5 Paragraafvraag**

Paragrawe moet holisties geassesseer word. Die inhoud sowel as die struktuur van die paragraaf moet in aanmerking geneem word wanneer 'n punt toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer die respons op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n bullet (•) by elke plek in die skryfstuk waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het wat die vraag aanspreek.
- Lees die paragraaf weer en evalueer die mate waarin die kandidaat in staat was om die relevante bewyse te gebruik om 'n paragraaf te skryf.
- Aan die einde van die paragraaf moet die regmerke (✓) wat die kandidaat verdien het vir die paragraaf sowel as die vlak (1, 2 of 3), soos aangedui in die holistiese rubriek en 'n kort opmerking verskyn, bv.

______________•____________________•________________________

____________________•_________________________•___________

________________________•_________________________•

✓✓✓✓

Vlak 2

- Gebruik meestal relevante bewyse om 'n basiese paragraaf te skryf.

Tel al die regmerke vir die bron gebaseerde vraag en skryf dan die punt in die onderkant regs in kantlyn bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totaal korrek oorgedra word na die voorkant van die antwoordboek.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te weergee om sodoende die gestelde vraag te antwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot moet hê.

### 2.2 Nasien van opstelvrae:

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n sekere sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vra moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoorde.

### 2.3 Globale assessering van die opstel:

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die nasiener die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die kandidaat aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar word nie van die kandidaat verwag om slegs feite neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om model-antwoorde voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word kandidate met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die kandidaat se interpretasie van die vraag.

### 2.4 Assesseringsprosedures by die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis ingedagte tydens die assessering van die opstel.

2.4.2 Met die eerste lees van die opstel moet regmerke gemaak word by 'n relevante inleiding (soos aangedui deur die bullet in die nasienriglyne/memorandum), elke hoof feit/aspek wat behoorlik gekontekstualiseer is (ook aangedui deur bullets in die nasienriglyn/memorandum) en 'n relevante gevolgtrekking (aangedui deur 'n bullet in die nasienriglyn/memorandum) bv. in 'n antwoord met 5 kernfeite sal daar 7 regmerke wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte, slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling: __________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

**2.5 Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ʼn opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ʼn Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die inhoudsvlak (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

c) Ken ʼn algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

| **Aanbieding** → <br><br> **Inhoud** ↓ | **Vlak 7**<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het goed gebalanseerde oorspronklik argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om argument te ondersteun. | **Vlak 6**<br>Baie goed beplande en gestruk-tureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | **Vlak 5**<br>Goed beplande en gestruk-tureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit die bewyse om die argument te ondersteun. | **Vlak 4**<br>Argument beplan en gestruktureerd. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argumente te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | **Vlak 3**<br>Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | **Vlak 2**<br>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **Vlak 1**<br>Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vlak 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47 - 50 | 43- 46 | | | | | |
| **Vlak 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoud seleksie relevant tot argument wat gevolg is. | 43 - 46 | 40 - 42 | 38 - 39 | | | | |
| **Vlak 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38 - 39 | 36 – 37 | 34 – 35 | 30 – 33 | 28 - 29 | | |
| **Vlak 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30 - 33 | 28 - 29 | 26 - 27 | | |
| **Vlak 3**<br>Keuse van inhoud hou verband met die vraag maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26 - 27 | 24 -25 | 20 -23 | |
| **Vlak 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20 - 23 | 18-19 | 14-17 |
| **Vlak 1**<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevant beantwoord. | | | | | | 14-17 | 0-13 |

**NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50**

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

| | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 |
|---|---|---|---|
| | **Haal bewyse uit die bronne. Selekteer en organiseer relevante inligting van bronne. Definieer historiese begrippe.** | **Verduidelik historiese begrippe in konteks. Interpretasie van bewyse uit die bronne. Verduidelik inligting uit die bronne. Analiseer bewyse uit die bronne.** | **Interpreteer en evalueer. Verstaan vooroordeel, betroubaarheid, bruikbaarheid en beperkings. Vergelyk en kontrasteer. Interpretasie, evaluering en sintese (paragraaf).** |
| **KABV** | **30%** | **40%** | **30%** |
| 1.1.1. | 2 | | |
| 1.1.2. | 1 | | |
| 1.1.3. | 3 | | |
| 1.1.4. | | 4 | |
| 1.1.5. | | 4 | |
| 1.2.1. | 2 | | |
| 1.2.2. | 1 | | |
| 1.2.3. | 2 | | |
| 1.2.4. | | 4 | |
| 1.2.5 | | | 2 |
| 1.3.1 | 2 | | |
| 1.3.2. | | 2 | |
| 1.3.3. | | 2 | |
| 1.3.4 | | 2 | |
| 1.3.5 | | | 4 |
| 1.4.1. | 1 | | |
| 1.4.2. | 1 | | |
| 1.4.3 | 1 | | |
| 1.4.4 | | 2 | |
| 1.5 | | | 8 |
| | **32%** | 40% | 28% |
| 2.1.1. | 2 | | |
| 2.1.2. | 2 | | |
| 2.1.3. | 3 | | |
| 2.1.4. | | 2 | |
| 2.1.5. | | | 4 |
| 2.2.1. | 2 | | |
| 2.2.2. | 2 | | |
| 2.2.3. | 2 | | |
| 2.2.4. | | 4 | |
| 2.2.5. | | 4 | |
| 2.2.6 | | | 2 |
| 2.3.1. | 2 | | |
| 2.3.2. | | 2 | |
| 2.3.3. | | 4 | |
| 2.4.1 | 1 | | |
| 2.4.2 | | 2 | |
| 2.4.3 | | 2 | |
| 2.5. | | | **8** |
| | **32%** | **40%** | **28%** |
| 3.1.1. | 1 | | |
| 3.1.2. | 1 | | |
| 3.1.3 | | 2 | |
| 3.1.4 | | 4 | |
| 3.2.1. | 3 | | |
| 3.2.2. | 2 | | |
| 3.2.3. | 1 | | |
| 3.2.4. | | 4 | |
| 3.2.5 | | 2 | |
| 3.2.6 | | | 4 |
| 3.3.1. | 3 | | |
| 3.3.2. | 2 | | |
| 3.3.3. | | 4 | |
| 3.3.4 | | 2 | |
| 3.3.5 | | | 2 |
| 3.4.1. | 1 | | |
| 3.4.2. | 2 | | |
| 3.4.3 | | 2 | |
| 3.5. | | | 8 |
| | **32%** | **40%** | **28%** |

# AFDELING A

## VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE SOWJET-UITBREIDING IN EUROPA NA DIE TWEEDE WÊRELD OORLOG TEÈGESTAAN?

1.1 1.1.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1A - Vlak 1]*
- 'om orde te handhaaf in oorlog-verwoeste gebiede.'
- 'om Sowjet uitbreiding teen te staan' (2x1) (2)

1.1.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 1A - Vlak 1]*
- '... wat tradisioneel alliansies en groot militêre ontplooiïngs in die buiteland verwerp het...' (1x1) (1)

1.1.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 1A - Vlak 1]*
- Wes-Duitsland
- Italië
- Turkye
- Japan (enige 3x1) (3)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A - Vlak 2]*
- Die Verenigde State het besluit dat hulle Wes-Europa moes help om na die Tweede Wêreldoorlog te herstel om te verhoed dat dit slagoffers van kommunisme word.
- Die Verenigde State het hom verbind tot die militêre verdediging van Wes-Europa en moes vir die soldate en wapens betaal totdat hul Europese vennote meer hulpbronne gehad het om ten minste 'n deel van die koste te dek.
- Die Verenigde State het kapitalistiese bondgenote nodig gehad en het sodoende die Wes-Europese lande bygestaan om ekonomies te herstel sodat hulle met mekaar kon handel dryf.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A - Vlak 2]*
- Die Sowjet-unie was in beheer van groot gebiede in Oos-Europa en het hulle in Sowjet-satelliete verander.
- Die Sowjet-unie het gehelp om kommunistiese regerings in Oos-Europa te vestig terwyl die VSA die verspreiding van kommunisme daar wou keer.
- Die Sowjet-unie was ten gunste van kommunisme, dus beskou as 'n diktatorskap/totalitêre staat.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

**[14]**

1.2 1.2.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1B - Vlak 1]*
- Vir demokrasie.
- Vir wêreldstabiliteit. (2x1) (2)

1.2.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 1B - Vlak 1]*
- Truman. (1x1) (1)

1.2.3 *[Definieer 'n historiese begrip uit Bron 1B - Vlak 1]*
- Inperking – stop of voorkom die verspreiding van kommunisme.
- Die Verenigde State se geopolitieke strategiese buitelandse beleid om die uitbreiding van kommunisme teen te staan.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B - Vlak 2]*
- Die Verenigde State/Amerika moes die naburige Europese nasies van die Sowjet-satellietstate help om kommunisme te weerstaan.
- Die Verenigde State/Amerika se tradisionele bondgenote is deur die Tweede Wêreldoorlog verswak, wat net die Verenigde State oorgelaat het om teen die Sowjet-unie te verdedig.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

1.2.5 *[Verduidelik ooreenkomste in Bronne 1A en 1B – Vlak 3]*
- Beide bronne impliseer dat die Verenigde State stappe gedoen het om Europese lande te verdedig.
- Beide bronne verduidelik die beleid van die Verenigde State teen die Sowjet-unie.
- Beide bronne impliseer dat politieke, militêre en ekonomiese stappe teen die Sowjet-unie geneem is.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

**[11]**

1.3 1.3.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1C - Vlak 1]*
- Reaksionêre
- Fasciste. (2x1) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C - Vlak 2]*
- Die Sowjet-unie se ideologiese verbintenis tot die bereiking van kommunisme het die ontwikkeling van sosialisme in een land en die verdediging van die internasionale proletariaat ingesluit.
- Die Sowjet-unie wou die doelwitte van kommunisme bevorder.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

1.3.3 *[Verduidelik bewyse uit Bron 1C - Vlak 2]*
- Die VSA het ekonomiese bystand verleen om ekonomieë in die na-oorlogse Europa te herstel – die Sowjet-Unie het dit as Amerikaanse gebiedsuitbreiding vertolk.
- Die Amerikaners het hulle militêre basisse teen die USSR, in Griekeland en Turkye opgerig.
- Amerikaanse kapitaliste het besighede oopgemaak en alles wat vir hulle winsgewend voorgekom het in Griekeland en Turkye gekoop.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

1.3.4 *[Interpretasie van inligting in Bron 1C – Vlak 2]*
- Dit is ’n artikel uit ’n Russiese koerant – siening sal teen die VSA wees.
- Die skrywer kritiseer die Marshall-plan deur te sê dat dit die hele Europa aan die VSA se kapitalisme wil onderwerp.
- Die skrywer argumenteer dat die VSA graag hulpvaardig wil voorkom, maar dit was nie die geval nie.
- Die skrywer gebruik woorde soos ‘slinkse’ en ‘onderduimse’ om die VSA te beskryf.
- Die skrywer gebruik frases soos “Amerikaanse aptyt is groot”/ “Amerikaanse kolonies”.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

1.3.5 *[Verduidelik vooroordeel in Bron 1C – Vlak 3]*
- Dit is ’n artikel uit ’n Russiese koerant – sienings sal teen die VSA wees.
- Die skrywer kritiseer die Marshall-plan as ’n manier om die hele Europa aan die VSA se kapitalisme te onderwerp.
- Die skrywer argumenteer dat die VSA voorgee dat hy hulp aanbied, maar dit is nie die geval nie.
- Die skrywer gebruik woorde soos “slinkse” en “te onderwerp” om die VSA te beskryf.
- Die skrywer gebruik frases soos “die Amerikaanse aptyt is groot”/ “Amerikaanse kolonies”.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

**[12]**

1.4 1.4.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1D - Vlak 1]*
- Stalin. (1x1) (1)

1.4.2 *[Onttrek van bewyse uit Bron 1D - Vlak 1]*
- Hamer en sekel. (1x1) (1)

1.4.3 *[Onttrek van bewyse uit Bron 1D – Vlak 1]*
- New York/VSA. (1x1) (1)

1.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D - Vlak 2]*
- Die Sowjet-unie wil die beleide in hierdie lande beïnvloed.
- Die Sowjet-unie was in ’n Koue Oorlog met die VSA.
- Kommunistiese uitbreiding was ’n bedreiging.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

**[5]**

1.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse in die relevante bronne - Vlak 3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- Na die Tweede Wêreldoorlog het die VSA en USSR as supermoondhede na vore getree met verskillende vorme van regerings en ekonomieë – eersgenoemde was 'n kapitalistiese demokrasie en laasgenoemde 'n kommunistiese diktatuur. (Eie kennis)

- Die VSA het 'n militêre masjien gebou wat 'n massiewe Departement van Verdediging, uitgebreide geheime intelligensievermoëns, 'n groeiende kernarsenaal en permanente militêre basisse regoor die wêreld (en rondom die Sowjet-unie) ingesluit het. (Bron 1A en 1B)
- Die VSA het 'n reeks alliansies met die buiteland aangegaan en hul veiligheid gewaarborg deur permanente ontplooiïng van magte in die buiteland. (Bron 1A)
- VSA-soldate het lank na die einde van die Tweede Wêreldoorlog in Wes-Duitsland, Italië, Turkye en Japan vertoef. (Bron 1A)
- Die VSA-vloot het in al die wêreld se groot seeweë ontplooi gebly. (Bron 1A)
- Die Truman-administrasie se antwoord op die ekspansionisme was die beleid van inperking. (Bron 1B)
- Die VSA het ook die Marshall-plan aangebied, massiewe hulppakket wat daarop gemik was om ineenstortende ekonomieë te ondersteun wat kommunistiese simpatiseerders die mag laat verkry het. (Bron 1A en 1C)
- Die Sowjet-unie het die Marshall-plan/die herstelplan vir Europa na die Tweede Wêreldoorlog verwerp. (Bron 1C en 1D)
- Militêre alliansies is gevorm, die Weste het as NAVO saamgegroepeer, en die Ooste as die Warskou-verdrag. (Eie kennis)
- Die VSA het Griekeland en Turkye gehelp om kommunisme te weerstaan. (Bron 1B)
- Enige relevante antwoord.

**Gebruik die rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op ’n baie elementêre manier; **toon min of geen begrip vir hoe Verenigde State die Sowjet-unie se uitbreiding in Europa na die Tweede Wêreldoorlog teëgestaan het.**<br>• Gebruik bewyse net gedeeltelik om ’n paragraaf te skryf oor die onderwerp of kan nie ‘n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | Punte: 0 - 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp; **toon ’n mate van begrip vir hoe Verenigde State die Sowjet-unie se uitbreiding in Europa na die Tweede Wêreldoorlog teëgestaan het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | Punte: 3 – 5 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse wat ’n **deeglike begrip toon van hoe Verenigde State die Sowjet-unie se uitbreiding in Europa na die Tweede Wêreldoorlog teëgestaan het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf. | Punte: 6 - 8 |

**[8]**

**TOTAALVRAAG 1: [50]**

## VRAAG 2: WAAROM HET DIE BUITELANDSE MAGTE TUSSEN 1974 EN 1976 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?

2.1 2.1.1 [*Onttrek bewyse uit Bron 2A - Vlak 1]*
- Die opkoms van Sowjet-invloed.
- Kubaanse aktiwiteite. (2x1) (2)

2.1.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 2A - Vlak 1]*
- Mobutu Sese Seko.
- Kenneth Kaunda. (2x1) (2)

2.1.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 2A - Vlak 1]*
- Die groter magsbalans tussen die supermoondhede verswak sou word.
- Die Sowjet-doelwitte in Angola was om 'n regering van sy eie keuse op die land af te dwing en om 'n nuwe invloedsfeer uit te kerf (te vorm).
- Die vertroue van pro-Westerse state, soos die Kongo en Zambië, ernstig geskaad sal word.
- Die Amerikaanse aansien regoor die wêreld weer nadelig (sleg) geraak sal word. (enige 3x1) (3)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A - Vlak 2]*
- Die Verenigde State wou die verspreiding van kommunisme in Afrika vaspen/inperk.
- Dit was ʼn manier om die Verenigde State se mag teen die Sowjet-unie te versterk/Deel van die Koue Oorlog strategie.
- Die Verenigde State wou sy aansien red/ sy reputasie herstel na sy swak vertoning in Viëtnam.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

2.1.5 *[Verduidelik vooroordeel in Bron 2A – Vlak 3]*
**Bevooroordeeld want**
- Hy was die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake en Hoof van die Nasionale Veiligheidsraad en daarom teen die Sowjet-unie/ kies kant.
- Kissinger impliseer dat die ekonomiese rykdom of die vlootbasis onbelangrik klink – die olie was belangrik vir die VSA.
- Kissinger gebruik woorde soos hy 'gee om vir Afrika' alhoewel sy motiewe nie suiwer was nie.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

**[13]**

2.2 2.2.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 2B - Vlak 1]*
- Zaïre.
- Suid-Afrika. (2x1) (2)

2.2.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 2B - Vlak 1]*
- Diamante
- Olie (2x1) (2)

2.2.3 *[Definieer begrip vanuit Bron 2B - Vlak 1]*

- ʼn Oorlog tussen burgers van dieselfde land/ stryd om mag tussen verskeie groepe binne dieselfde landsgrense.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B - Vlak 2]*

- Dit was ʼn stryd tussen ʼn kommunistiese groep en anti-kommunistiese groep en Suid-Afrika het die anti-kommunistiese groep ondersteun.
- Die VSA, ʼn bondgenoot van die Suid-Afrikaanse regering, het UNITA bygestaan; die Sowjet-Unie, ʼn bondgenoot van die ANC het die MPLA bygestaan.
- Suid-Afrika wou sy eie grense teen kommunisme beskerm en verdedig.
- Suid-Afrikaanse magte het Angola binne gedring met die doel om die MPLA, die Sowjet magte en Kubaanse magte uit te dryf en so die posisie van UNITA (‘n Suid-Afrikaanse bondgenoot) te verstewig.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

2.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B - Vlak 2]*

- Die VSA/Amerikaanse bondgenote in Angola was Suid-Afrika en UNITA teen die kommunistiese groepe (deel van die Koue Oorlog-stryd), maar aan die ander kant het die VSA olie-maatskappye betaal om haar kommunistiese vyand (Cuba) teen aanvalle deur Suid-Afrika en Kuba by olieraffinaderye te beskerm.
- Die VSA het botsende belange in Angola – olie en ʼn proxy-oorlog teen kommunisme.
- Suid-Afrika wou teen die bevrydingsbewegings van SWAPO in Namibië veg.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

2.2.6 *[Verduidelik verskille in Bronne 2A en 2B – Vlak 3]*

- Bron 2A fokus op die redes vir die VSA se betrokkenheid in Angola, maar Bron 2B verduidelik die omvang van die VSA se betrokkenheid.
- Bron 2A impliseer dat die hulpbronne nie 'n belangrike rede vir VSA-betrokkenheid was nie, maar Bron 2B verwys na die dollar-inkomste wat deur VSA se oliemaatskappye gegenereer is.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

**[16]**

2.3 2.3.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 2C - Vlak 1]*

- Hulle voorvaders.
- Slawe uit Afrika. (2x1) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C - Vlak 2]*

- Castro was 'n ondersteuner van kommunisme teen die VSA se kapitalisme.
- Die VSA het gepoog om Castro omvêr te werp tydens die Baai van die Varke/ Bay of the Pigs voorval.
- Eksterne ingryping. (enige 1x2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C - Vlak 2]*

- Castro was teen rassediskriminasie – Suid-Afrika het 'n rassistiese regime gehad en Castro wou die MPLA teen Suid-Afrika se weermag verdedig.
- Castro het bevriend geraak met die Sowjet-unie en het in kommunisme geglo – teen die VSA wat die MPLA se vyande ondersteun het.
- Castro en die VSA het 'n verlede gehad – Baai van die Varke/Bay of the Pigs – daarom wou Castro die VSA se vyand in Afrika ondersteun.
- Enige relevante antwoord. (2x2) (4)

**[8]**

2.4 2.4.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 2D – Vlak 1]*

- Kuba (1x1) (1)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – Vlak 2]*

- Dit toon dat Kuba betrokke was in Afrika.
- Dit is negatief – gebruik Afrika as 'n asblik.
- Kuba hou 'n gevaar in vir vrede in Afrika.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 2D – Vlak 2]*

- Die Burger was wyd geassosieer met die Nasionale Party-regering van Suid-Afrika wat betrokke was by die oorlog teen kommunisme in Suider-Afrika.
- Kuba se betrokkenheid is gesien as 'n bedreiging vir Suid-Afrika, 'n kapitalistiese land.
- Kuba was betrokke by Angola, op 'n grens naby Suid-Afrika.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

**[5]**

2.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse in die relevante bronne - Vlak 3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Sowjet- en Kubaanse offisiere en amptenare het die leemte wat deur die vertrekkende koloniale administrasie gelaat is, probeer vul deur advies aan die nuwe Angolese regering te verskaf. (Eie kennis)
- Voordat Angola onafhanklikheid van die Portugese koloniale bewind verkry het, het die CIA die FNLA en UNITA 'n geheime toelae van 300 000 Amerikaanse dollar gegee. Hulle was bekommerd oor die Sowjetunie se betrokkenheid. (Bron 2A)
- Die opkoms van Sowjet-invloed in Angola en Kubaanse aktiwiteite daar, het die aandag van die VSA getrek. (Bron 2A)
- Die VSA se nederlaag in Viëtnam in April 1975 het sy aansien (status) oor die wêreld heen ernstig geskaad – miskien kan die VSA dit in Angola herwin. (Bron 2A)
- Die Sowjets kon hulle ideologie in Afrika versprei – Koue Oorlog – VSA wou dit in bedwang hou. (Bron 2A)
- Angola het die setel geword van 'n nuwe oorlog by volmag tussen die VSA en die Sowjet-unie. (Bron 2B)
- Suid-Afrika het sy bondgenoot, UNITA, teen Kubane ondersteun. (Bron 2B, 2C en 2D)
- Amerikaanse oliemaatskappye het vir Kubaanse troepe betaal om die Angolese regering en sy olie-installasies te beskerm teen aanvalle deur Suid-Afrikaanse magte wat vir UNITA werk. Die VSA het botsende belange in Angola gehad – olie en 'n gevolmagtigde teen kommunisme. (Bron 2B)
- Die Kubane het geglo/Castro het verklaar dat hulle historiese verbintenisse met Afrika het deur slawerny. (Bron 2C)
- Kuba/Castro het geglo dat hulle teen Suid-Afrikaanse rassiste en die Yankee-imperialiste veg. (Bron 2C)
- Die oorlog in Angola het 'n grensoorlog tussen Suid-Afrika en die Kubane verteenwoordig. (Bron 2C en 2D)
- Enige relevante antwoord.

**Gebruik die rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op ’n baie elementêre manier; **toon min of geen begrip vir waarom die buitelandse magte by die Angolese Burgeroorlog betrokke was tussen 1974 en 1976.**<br>• Gebruik bewyse net gedeeltelik om ’n paragraaf te skryf oor die onderwerp of kan nie ‘n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | Punte: 0 - 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp; **toon ’n mate van begrip vir waarom die buitelandse magte by die Angolese Burgeroorlog betrokke was tussen 1974 en 1976.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | Punte: 3 – 5 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse wat ’n **deeglike begrip vir die redes vir waarom die buitelandse magte by die Angolese Burgeroorlog betrokke was tussen 1974 en 1976.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf. | Punte: 6 - 8 |

**[8]**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE SEGREGASIE IN DIE 1950's EN 1960'S UITGEDAAG?**

3.1 3.1.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3A - Vlak 1]*
- Swart passasiers moes op aangewese sitplekke agter in die bus sit. (1x1) (1)

3.1.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 3A - Vlak 1]*
- Martin Luther King Jr. (1x1) (1)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A - Vlak 2]*
- Sy het die stryd vir rassegelykheid aangeblaas (begin).
- Haar optrede het baie ander voorvalle teen rassisme veroorsaak.
- Enige relevante antwoord. (1x2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A - Vlak 3]*
- Swart gemeenskapsleiers het die Montgomery Improvement Association (MIA) gestig wat 'n boikot van die Montgomery-busstelsel uitgevoer het.
- Martin Luther King Jr. het die leier van die burgerregtestryd geword.
- Gesegregeerde sitplekke is as ongrondwetlik beskou/busse is gedesegregeer.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

**[8]**

3.2 3.2.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3B - Vlak 1]*
- Minnijean Brown
- Elizabeth Eckford
- Ernest Green
- Thelma Mothershed
- Melba Pattillo
- Gloria Ray
- Terrence Roberts
- Jefferson Thomas
- Carlotta Walls (3x1) (3)

3.2.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 3B - Vlak 1]*
- Die nege Swart studente is deur 'n wit gepeupel ingewag.
- Die nege studente is deur die Arkansas Nasionale Wag ingewag, wat onder bevel van Arkansas se goewerneur, Orval Faubus hulle moes keer om die skoolgebou binne te gaan.
- Die dapper studente het nasionale opskrifte gemaak toe beelde soos dié van Elizabeth Eckford wat die skool probeer binnegaan en deur wit tieners en volwassenes omring en bespoeg is, regoor die land gepubliseer is.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x1) (2)

3.2.3 *[Onttrek van bewyse uit Bron 3B - Vlak 1]*
- "... aangesien beelde soos dié van Elizabeth Eckford wat die skool probeer binnegaan en deur wit tieners en volwassenes omring en bespoeg word, regoor die land gepubliseer is..."
- "... en hulle het voortgegaan om daagliks die opskrifte te haal omdat hulle geweier het om moed op te gee." (enige 1x1) (1)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B - Vlak 2]*
- Sy was die stigter en president van die kinderverdedigingsfonds in Amerika (die Verenigde State)/sy was 'n aktivis vir die regte van kinders.
- Sy het dit geskryf om die 65ste herdenking van die integrasie van Hoërskool Sentraal te herdenk.
- Sy wou kinders inspireer om op te staan vir hul regte deur die Little Rock Nine as voorbeeld te gebruik.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

3.2.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – Vlak 2]*
- Die konfrontasie by die Little Rock Hoërskool het internasionale aandag gevestig op rassisme en burgerregte in die VSA sowel as die stryd tussen federale en staatsmag.
- Die Little Rock Nege het baie Afro-Amerikaners geïnspireer om vir hulself op te staan en teen rassisme te staan.
- Hulle het ook gehelp om skole te desegregeer wat later gelei het tot die desegregasie van ander openbare areas.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

3.2.6 *[Beperkings van Bron 3B – Vlak 3]*
- Die bron verduidelik een voorbeeld van burgerregte protes.
- Die inligting is beperk sodat dit die skrywer se doel, naamlik die bevordering van kinderregte, ondersteun.
- Die bron lewer nie kommentaar op die suksesse van die Little Rock-Nege nie/ Slegs oor hulle eerste skooldag.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

**[16]**

3.3 3.3.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3C - Vlak 1]*
- Southern Christian Leadership Conference/SCLC.
- The Student Non-Violent Coordinating Committee/SNCC.
- The Dallas County Voters League. (3x1) (3)

3.3.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 3C - Vlak 1]*
- Dit was ʼn veldtog vir stemreg.
- Ondanks herhaalde registrasiepogings deur plaaslike swartes was slegs twee persent op die kieserslys in Selma.
- Die SCLC het gekies om sy pogings op Selma te fokus omdat hulle verwag het dat die berugte brutaliteit van plaaslike wetstoepassing, onder balju Jim Clark, nasionale aandag sou trek.

- Hulle wou president Lyndon B Johnson en die Kongres druk om nuwe nasionale stemregwetgewing in te stel (aan te neem). (enige 2x1) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C - Vlak 2]*
- Belastings wat alle kiesers moes betaal, bedrog en intimidasie het Afro-Amerikaners van die stembusse af weggehou.
- Totdat die Hooggeregshof dit in 1915 van die hand gewys het, het baie state die "voorvader-klousule" gebruik om afstammelinge van slawe uit verkiesings te hou/die klousule het gesê jy kan nie stem tensy jou oupa gestem het nie - 'n onmoontlikheid vir die meeste mense wie se voorvaders slawe was.
- Die Suide het geletterdheidstoetse op die Swartes afgedwing en vreemde vrae gevra wat dit vir hulle onmoontlik gemaak het om te stem.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

3.3.4 *[Verduidelik ŉ begrip uit Bron 3C - Vlak 2]*
- 600 mense op die Edmund Pettus-brug aangeval. /Wetstoepassingsbeamptes het ongewapende optoggangers met knuppels geslaan en met traangas gespuit.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

3.3.5 *[Bespreek ooreenkomste in Bronne – Vlak 3]*
- Beide bronne impliseer dat die betogers nie-gewelddadig was – dit was in lyn met die nie-gewelddadige beleid van die Burgerregtebeweging.
- Beide bronne dui aan dat die Burgerregtebeweging volgehou het hoewel hulle met geweld gekonfronteer is.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

**[13]**

3.4 3.4.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3D - Vlak 1]*
- Dit toon jong Afro-Amerikaners en Blankes by ŉ 'swim-in' (om teen segregasie by openbare swembaddens te protesteer). (1x1) (1)

3.4.2 *[Definieer ŉ begrip uit Bron 3D- Vlak 1]*
- Die skeiding van 'n ras, klas of etniese groep van ŉ ander groep.
- Afdwinging van residensiële skeiding in 'n bepaalde gebied, voorkoming van sosiale omgang tussen sodanige groepe deur afsonderlike opvoedkundige fasiliteite, of deur ander vorme van diskriminasie.
- Enige relevante antwoord. (1x2) (2)

3.4.3 *[Verduidelik ŉ begrip in historiese konteks – Vlak 2}*
- Dit was deel van die Burgerregtebeweging se protesaksies – swart en wit het in Slegs Blankes-swembaddens gespring.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

**[5]**

3.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse in die relevante bronne - Vlak 3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
**Kandidate moet standpunt inneem:**

- In 1955 het Rosa Parks geweier om haar sitplek op ʼn bus aan ʼn blanke passasier af te staan. (Bron 3A)
- Afro-Amerikaners in Alabama het haar optrede ondersteun; die Montgomery Improvement Association (MIA) is gestig onder leiding van King en 'n busboikot is georganiseer – dit sou lei tot bus integrasie. (Bron 3A)
- Die busmaatskappye het baie geld verloor en busvervoer is gedesegregeer. (Eie kennis)
- Afro-Amerikaners het deelgeneem aan baie betogings teen gesegregeerde middagete-toonbanke, teen polisiegeweld, teen segregasie van pretparke – het daartoe gelei dat Martin Luther King Jr. In die tronk beland het. (Eie kennis)
- Nege Swart tieners het die nuwe skooljaar begin en die geskiedenis verander toe hulle die eerste Swart studente geword het wat by Little Rock Central Hoërskool ingeskryf het, drie jaar nadat die Brown v. Board of Education Hooggeregshof besluit die wettige segregasie in openbare skole beëindig het. (Bron 3B)
- Martin Luther King Jr en die SCLC het by ander plaaslike Afro-Amerikaanse aktiviste aangesluit in 'n stemregveldtog in Selma, waar, ten spyte van herhaalde registrasiepogings deur plaaslike swartes/Afro-Amerikaners, slegs twee persent op die kieserslys was. (Bron 3C)
- Optogte het gehelp om die verhoog te skep vir die aanvaarding van die Wet op Burgerregte en Stemregwet, wat aan Afro-Amerikaners dieselfde regte as blankes gegee het. (Bron 3B en 3C)
- Jong Afro-Amerikaners en blankes in 'n 'inswem' (om segregasie by swembaddens te protesteer) by Pullen Park se swembad in Noord-Carolina. (Bron 3D)
- Enige relevante antwoord.

**Gebruik die rubriek om ʼn punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op ʼn baie elementêre manier; **toon min of geen begrip vir hoe die Burgerregtebeweging segregasie in die Verenigde State in die 1950's en 1960's uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse net gedeeltelik om ʼn paragraaf te skryf oor die onderwerp of kan nie ʻn paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | Punte: 0 - 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp; **toon in ʼn mate hoe die Burgerregtebeweging segregasie in die Verenigde State in die 1950's en 1960's uitgedaag het. •** Gebruik bewyse op ʼn baie basiese manier om ʼn paragraaf te skryf. | Punte: 3 – 5 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse wat ʼn **deeglike begrip toon vir hoe Burgerregtebeweging segregasie in die Verenigde State in die 1950's en 1960's uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ʼn georganiseerde paragraaf. | Punte: 6 - 8 |

**[8]**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

# AFDELING B: OPSTEL

**[Beplan, konstrueer, struktureer en bespreek 'n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpreterende vaardighede te gebruik ]**

**VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIÈTNAM**
**Bespreek die Verenigde State se oorlogspoging gedurende die Viëtnamese-oorlog tussen 1954 en 1975 krities.**

*SINOPSIS*

In die skryf van hierdie opstel moet kandidate die Verenigde State se oorlogspoging gedurende die Viëtnamese-oorlog tussen 1954 en 1975 krities bespreek.

*KERNASPEKTE*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

*INLEIDING*:

- Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui hoe hulle gaan poog om die vraag te beantwoord.

*UITBREIDING*

**Agtergrond**

- Die kern rede vir die konflik was die begeerte van Noord-Viëtnam, wat die Franse koloniale administrasie van Viëtnam in 1954 verslaan het, om die hele land onder 'n verenigde kommunistiese regime, soos die in die Sowjet-unie en China, te verenig.
- By die Geneefse konferensie is Viëtnam tydelik by die 17de parallelle lyn in Noord-Viëtnam, beheer deur die kommunistiese Vietminh en Suid-Viëtnam, wat deur die Amerikaners en die Franse ondersteun is, verdeel.
- Suid-Viëtnam is regeer deur die tiranniese en ongewilde Ngo Dinh Diem, wat geweier het om die verkiesings wat Viëtnam moes verenig, te hou.
- **Ngo Dinh Diem is deur anti-kommunistiese state soos die Verenigde State ondersteun.**
- Die Nasionale Bevrydingsfront (NLF) - kommunisties georiënteerd - met hulle eie opgeleide guerrillamagte, die Viëtkong en wat Ngo Dinh Diem teengestaan het, is gestig. Dit het die land in 'n burgeroorlog gedompel.
- Die plaaslike mense in Suid-Viëtnam het begin om die Viëtkong te ondersteun. Dit het die Amerikaners laat vrees dat kommunisme gaan versprei. (Domino-effek.)
- Die Viëtkong is deur die Chinese en die Russe/Soviet ondersteun.
- Die Viëtkong het voorrade, wapens, voedsel en selfs soldate van Noord-Viëtnam via die **Ho** Chi Minh-roete ontvang.
- **Die VSA se betrokkenheid by die Viëtnamoorlog, in wese 'n konflik tussen die Noorde en die Suide, het 'n stryd geword teen die wêreldwye verspreiding van kommunisme. Dit was 'n proxy-oorlog (volmagoorlog) gedurende die Koue Oorlog en deel van die Amerikaanse vaspenningsbeleid.**

**Die oorlog:**

- Tot en met 1954 het die Amerikaners die Franse teen die Vietminh met geld en toerusting ondersteun.
- Tussen 1945 en 1960 het die Amerikaners hulp, toerusting en militêre adviseurs gestuur om die Suid-Viëtnamese te ondersteun.
- **Tussen 1960 en 1963 het President Kennedy die 'veilige dorpie' (hamlet) stelsel begin.** Dit het misluk, omdat die meeste van die Viëtkong-lede kleinboere was wat vanuit die dorpies gewerk het – neem beheer oor ongeveer 40% van die platteland.
- Die VSA het 3500 spesiale magte en voetsoldate op 8 Maart 1965 na Vietnam gestuur.
- **Golf van Tonkin - Golf van Tonkin Resolusie**
- President Johnson het die VSA se betrokkenheid verhoog - **teen 1967 was daar ongeveer 500 000 Amerikaanse troepe in Viëtnam.**
- **Operasie Rolling Thunder** (April 1965) het ten doel gehad om die Viëtkong van hul steun in die Noorde af te sny deur hawens, weermagbasisse en toevoerlyne te vernietig, maar dit kon nie die Viëtkong se wil om te veg of die vloei van manne en voorrade langs die Ho Chi Minh-roete stuit of verswak nie.
- **Chemiese oorlogvoering: Agent Orange en Napalm het die VSA onpopulêr gemaak en baie lande het teen die VSA gedraai – dit het die omgewing beskadig.**
- **Operasie Arc Light – B-52 strategiese bom aanvalle om die terrein voor te berei vir Amerikaanse grondtroepe om na die Viëtkong (Operasie Charlie) te soek.**
- **Die Tet Offensief (1968)** - Die Viëtkong het 'n massiewe aanval op ongeveer honderd dorpe en stede, insluitend Saigon sowel as twaalf VSA lugbasisse van stapel gestuur. Die Viëtkong kon 80% van alle dorpe en nedersettings verower.
- Alhoewel die Viëtkong swaar verliese gely het en versuim het om 'n uitklophou te lewer, het dit getoon dat dit die vermoë gehad het om die middel van die VSA-beheerde gebied te tref. **Dit het aan die Amerikaanse publiek gewys dat hulle nie die oorlog kon wen nie.**
- **Die VSA het jong en onervare soldate na Viëtnam gestuur.**
- Die VSA gebruik **Soek en Vernietig strategie om dorpies en ondersteuning vir die Viëtkong te vernietig (voorbeeld My Lai slagting)** – guerrilla-taktiek het hulle verwar.
- Dit het tot die dood van baie burgerlikes gelei en tot groter ondersteuning vir die Viëtkong
- Die aantal Amerikaanse soldate wat in die oorlog gesterf het, het toegeneem – dit lei tot anti-oorlog veldtogte in die VSA.
- **Televisienuusberigte** (media oorlog / eerste oorlog wat in die 'sitkamer' ingebring is), koerante en tydskrifte het beeldmateriaal gewys van voorvalle waar Viëtnamese burgerlikes deur Amerikaanse troepe (napalm foto) vermoor is en gevolglik het anti-oorlogsbewegings ontwikkel. (Kent Staat Slagting / Anti-Viëtnam Oorlog veldtog).
- President Nixon se beleid van 'Viëtnamisering' - opleiding van die Suid-Viëtnamese en geleidelike onttrekking.
- Nog swaar bombardering van Noord-Viëtnam in 1970 - maar kon nie die Viëtkong stop nie / vernietig nie die Ho Chi Minh roete. 1973 skietstilstand en die laaste Amerikaanse troepe word onttrek.
- In 1975 het die kommunistiese Viëtkong oorwin; 1976 is Viëtnam onder kommunistiese regering verenig. **Die VSA het misluk om die uitbreiding van kommunisme te stuit.**

**Gevolge:**

- ʼn Geraamde 2 miljoen Viëtnamese is dood en ongeveer 3 miljoen mense gewond.
- Die oorlog het die land se infrastruktuur en ekonomie vernietig (*Agent Orange* het die woude en kosvoorrade vernietig).
- Dit het gesondheidsprobleme op die lang termyn tot gevolg gehad.
- 12 miljoen mense het hulle huise en geliefdes verloor, 500 000 het vlugtelinge geword.
- **Die oorlog het die VSA se ekonomie baie gekos, hoë vlakke van ongevalle - ongeveer 700 000 het sielkundig skade gelei, dwelmverslawing het toegeneem.**
- **Amerikaanse wandade teen die Viëtnamese mense het die Amerikaanse openbare beeld wêreldwyd geskaad.**
- Enige relevante respons.

Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat in ʼn relevante gevolgtrekking.

**[50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

**Verduidelik die impak van Mobutu Sese Seko se beleide op die ontwikkeling van die Kongo na die verkryging van onafhanklikheid in die 1960's.**

*SINOPSIS*

Die kandidate moet die impak van Mobutu Sese Seko se ekonomiese, sosiale en politieke beleid op die Kongo ná sy onafhanklikheid in die 1960's verduidelik.

*KERNASPEKTE*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

*INLEIDING*

- Kandidate moet Mobutu Sese Seko se beleide (sy leierskap) en die impak op die mense na onafhanklikheid verduidelik.

*UITBREIDING*

**Agtergrond:**
- Die Kongo het onafhanklikheid van België verkry op 30 Junie 1960, Lumumba het die land se Eerste Minister geword, maar hy is sewe maande later in 'n sluipmoordaanval dood. België het onafhanklikheid toegestaan sonder om enige iets te doen om Kongolese op die verandering voor te berei.
- Sese Seko se regering het as 'n **militêre regime** begin ná die staatsgreep wat Kasavubu omvergewerp het.
- Die Kongo se oorgangsperiode was gevul met spanning en etniese twis. In 1964 het Kongolese rebelle (die Simba) teen die regering in opstand gekom. Uiteindelik het Mobutu se leër, met die hulp van Belgiese en Amerikaanse valskermsoldate, die teenstand onderdruk.
- Politieke stabiliteit het eers na die Kongo teruggekeer toe Sese Seko in November 1965 met die hulp van die CIA en met die politieke en militêre ondersteuning van Westerse lande, wat hom as 'n bondgenoot teen kommunisme in Afrika beskou het, die mag oorgeneem het.

**Politieke beleid - Sese Seko se leierskap:**
- Sese Seko het gesê hy is ten gunste van 'n demokrasie, maar hy het as 'n diktator geregeer.
- Persoonlikheidskultus – die inwoners van Zaïre is gedwing om na toesprake te luister.
- Hy het ontslae geraak van alle politieke partye behalwe sy eie, the Popular Movement of the Revolution (MPR) (eenpartystaat). Dit het die weg gebaan vir hom om die verkiesing in 1970 te wen, waar hy 'n sewejaartermyn gewen het.
- Daar was baie **menseregteskendings** en hy het sy vyande wreed onderdruk byvoorbeeld openbare teregstellings.

- Hy het daarna gestreef om **nasionale eenheid** en trots te bevorder, ŉ Zaïre-identiteit en kultuur. Hy het die naam van die Kongo verander na die Republiek van Zaïre. Dit was die eerste stap om Europese invloed op die nasie te probeer verminder.
- Zaïre het betrokke geraak by die Angolese Burgeroorlog deur die verloorders te ondersteun. Zaïre het toegang tot die Benguela-spoorlyn nodig gehad.
- Die lewe van gewone burgers het nie gedurende sy regering verbeter nie. Sy regering is gekenmerk deur wanbestuur van fondse en **korrupsie**.
- Sese Seko het sy naam verander sodat dit 'seëvierende krygsman wat van krag tot krag gaan' beteken het, het ŉ kultuspersoonlikheid ontwikkel (**Mobutisme**).
- Onder Sese Seko is daar ook na Zaïre verwys as 'n **kleptokrasie** (heerskappy deur diewe).
- Sese Seko het ŉ ekstreme Afrikanisering van die Kongo begin - **authenticitè**. Hy het elke burger beveel om sy doopnaam na ŉ Afrika-naam te verander.
- Sese Seko het ook gedurig sy ministers en senior offisiere vervang of hulle posisies gereorganiseer, sodat niemand ŉ bedreiging vir sy mag sou word nie. Hy het ook ŉ gewoonte daarvan gemaak om sy senior amptenare af te dank en hulle sonder waarskuwing in die tronk te gooi.
- Sese Seko het ŉ streng beleid van Afrikanisering van die Kongo gevolg - **authenticitè**. Hy het alle burgerlikes beveel om hulle doopname met Afrika-name te vervang.

**Ekonomiese beleide:**

- Sese Seko het die Kongo se ryk natuurlike hulpbronne gebruik om ŉ broodnodige inkomste te verkry. Hy het buitelandse kopers verwelkom en die koper, kobalt, diamante en ander minerale vir gunstige pryse aan hulle verkoop.
- Mobutu het die wins van die koper-uitvoere vir ŉ tien-jaar industrialisasieprogram van die Kongo gebruik. Die **Inga-dam**, die wêreld se grootste hidro-elektriese dam, is in 1972 voltooi.
- Mobutu het ŉ **staalfabriek in Kinshasa** en ŉ kraglyn van 1786km wat van die weste van die land tot in die Katanga-provinsie in die suid-ooste gestrek het, laat bou en geïnstalleer.
- Na ŉ besoek aan China in 1973 het Mobutu gesê dat Zaïre groter onafhanklikheid van die Weste moet hê en met ŉ proses van nasionalisering begin. Hy het die regering beveel om **beslag te lê op 2000 buitelandse maatskappye**.
- Plantasies, plase, fabrieke en firmas wat die ekonomie aan die gang gehou het, is aan sy vriende en familie oorhandig, met hyself wat amper die helfte self besit het.
- Besighede het **bankrot** gespeel of is verwoes deur wanbestuur.
- Staatsamptenare het maande lank onbetaald gegaan – wend hulle tot korrupsie / verlenging van kleptokrasie.
- Zaïrenasie en die 'radikalisasie van die revolusie' wat nasionalisering van handel ingesluit het, het die chaos in alle sfere van die ekonomie vererger, korrupsie het infrastruktuur vernietig, lei tot die **laagste lewenstandaard** in die wêreld.
- Opkoms van die nuwe elite het gelei tot klasse differensiasie.
- Die skielike daling in die internasionale vraag na koper in die 1970's het die Kongolese ekonomie drasties gedestabiliseer.

- Dit het duidelik geword dat Sese Seko **se beleid misluk het**, hy moes buitelandse beleggers terug nooi, die Wêreldbank het $3 miljard aan Zaïre geleen. (Het afhanklik geword van buitelandse hulp.)

**Sosiale en Kulturele beleide:**
- Die onafhanklikheid het die verspreiding van die Afrika-kultuur bevorder - Kanda Bongo het ŉ internasionale musikant geword - bekend vir sy kwassa-kwassamusiek. Onafhanklikheid het Kongolese skrywers geïnspireer - Lisembe Elebe het toneelstukke geskryf.
- Westerse klere is verbied - geen pakke, dasse, klere word geïnspireer deur Mao.
- Onderwys: Nuwe skole is na onafhanklikheid gestig, maar geld tekort en te min onderwysers het negatiewe gevolge vir die onderwys gehad.
- Kerkskole was teen die 1990's meestal verantwoordelik vir die onderwys van jong Kongolese.
- Gedurende die 1970's het die jaarlikse inflasiekoers 100% bereik. Die regering het probeer om die inflasiekoers te verlaag deur minder op gesondheidsdienste, onderwysprogramme en sosiale welsynstoelae te spandeer. Hierdie maatreëls het veral die lewens van die armes geraak.
- Enige ander relevante antwoord.

Slot: Kandidate moet hulle argumente saamvat met ŉ relevante gevolgtrekking.

**[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

**Ontleed (analiseer) die verskeie rolspelers in die Swartmagbeweging se bydraes om diskriminasie teen die Afro-Amerikaners in die VSA in die 1960's te beëindig.**

*SINOPSIS*
In die skryf van hierdie opstel moet die kandidate die verskillende rolspelers in die Black Power-beweging se bydraes ontleed om diskriminasie teen Afro-Amerikaners in die Verenigde State van Amerika in die 1960's te beëindig.

*KERNASPEKTE*
Fokus op die beginsel van selfstandigheid.

*UITBREIDING*
**Agtergrond**

- Die Burgerregtebeweging was suksesvol daarin om rassesegregasie in die Suide aan te spreek, maar nie in die Noorde nie.
- Vooroordeel het nie verdwyn met nuwe wetgewing (die Burgerregtewet en Stemregwet) nie - Afro-Amerikaners het steeds rassediskriminasie ervaar.
- Afro-Amerikaners se salarisse was oor die algemeen laer as hulle wit eweknieë en hulle het hoër misdaadsyfers in hulle woonbuurtes gehad. Baie Afro-Amerikaners het Martin Luther King Junior se nie-gewelddadige filosofie verwerp.
- Hulle het gevoel dat ŉ meer militante aanslag nodig was en die 'Swartmag'-slagspreuk aangeneem.
- Swartmag, parallel met die Burgerregtebeweging, het sy ontstaan gehad in die Opmars Teen Vrees, ŉ opmars vir stemreg in Mississippi in Junie 1966. / Een-man-optog deur James Meredith.
- **Stokely Carmichael** (SNCC) het die frase "Black Power" in sy toespraak gewild gemaak. Hy het uiteindelik sy idees verander van passiewe weerstand tot meer selfgeldende metodes.
- Swartmag het ŉ gevoel van **rassetrots en selfwaarde** in Afro-Amerikaners ingeskerp – hulle is aangemoedig om hulle Afrika-herkoms te erken en trots te wees op hulle kultuur.
- **Malcolm X** was ŉ welsprekende aktivis vir Swartmag - hy het gesê dat hulle vir **gelyke regte** moes veg selfs al sou dit beteken dat hulle geweld moes gebruik. Jong stedelike Afro-Amerikaners was aangetrokke tot sy idees.
- **Carmichael** het Swartmag gedefinieer as 'n oproep vir swart / Afro-Amerikaanse mense in sy land om te verenig, om hul erfenis te erken, om 'n gevoel van gemeenskap te bou. Swart mense moet hul eie doelwitte definieer en hul eie organisasies lei.
- Die Swartmagbeweging het Afro-Amerikaners aangemoedig om hulle Afrika herkoms te erken deur Afro-haarstyle en Afrika-musiek en kultuur aan te hang asook om oor die Afrika-geskiedenis te leer.
- Huey Newton en Bobby Searle het die Black Panther Party vir selfverdediging (BPP) gestig. Dit het begin as ŉ groep wie se hoofdoel was om die Afro-Amerikaanse

woonbuurtes te beveilig en teen polisie brutaliteite en rassisme te beskerm. Hulle het die gebruik van gewere aangemoedig om hulself te beskerm.

- Baie hoofstroom blankes was die *Black Panther* en ander Swartmaggroepe negatief gesind, omdat hulle as anti-wit en as teen wetstoepassing gesien is.
- Die BPP was betrokke by skietgevegte met polisie in New York en Chicago. Die FBI het hulle as ŉ bedreiging vir nasionale veiligheid beskou.
- In 1967 is Huey Newton gearresteer en het die BPP ŉ 'Bevry Huey veldtog' begin.
- Net so was Angela Davis 'n uitgesproke BPP-aktivis wat ook in hegtenis geneem is. Soortgelyke 'Free Angela'-veldtogte is gehou.
- Die BPP het die 'Gratis Ontbyt vir Kinders' programme begin wat daartoe gelei het dat arm kinders elke dag kos ontvang het, klinieke vir volwassenes en kinders het gratis gesondheidsorg verskaf en ŉ skema om swart leerders op skool te help is begin.
- Die BPP het ŉ 10-punt program opgestel wat eise vir werksgeleenthede, behoorlike behuising, beter onderwys en die beëindiging van polisie-brutaliteit ingesluit het.
- Die BPP het by ŉ reeks onwettige praktyke betrokke geraak om fondse in te samel. Hulle was onder meer betrokke by ŉ konfrontasie met die polisie waartydens 50 mense dood is.
- Die Swartmagbeweging was betrokke by onder andere rasse-onluste in Watts, Los Angeles, Newark, New Jersey en Detroit. Sulke onluste het talle dood en honderde beseer gelaat, asook groot skade en vandalisme aan eiendom veroorsaak.
- Dit het nie rassediskriminasie beëindig nie, maar wel ŉ positiewe effek op swart / Afro-Amerikaanse selfvertroue en eiewaarde gehad.
- Dit lei tot die 'Black is Beautiful' beweging en bevorder swart kuns en kultuur.
- Enige relevante antwoord.

Slot: Kandidate moet hulle argumente saamvat met ŉ relevante gevolgtrekking.

**[50]**

## GROOT TOTAAL: [150]

© SACAI KOPIEREG